

HOOFSTUK IV.Verhouding tussen Stellaland en Land Goosen .  
-----

Die geskiedenis van Stellaland en Land Goosen toon 'n <sup>merkwaardige</sup> ~~wonderlike~~ ooreenkoms in baie opsigte. In <sup>albei</sup> ~~beide~~ Republieke veg die Naturellestamme teen mekaar, ondersteun deur blanke vrywilligers. Massouw se meeste ondersteuners was afkomstig uit die Transvaal, dit was ook die geval met Moshette in Land Goosen in sy stryd teen Montsioa. Net soos Massouw het ook Moshette die oorwinning behaal, waarna sy blanke vrywilligers 'n eie Republiek, Land Goosen, in die lewe geroep het. Ook in Land Goosen was daar 'n sterke begeerte by die Vrywilligers om ingelyf te word by die Transvaal. In beide Republieke het die vrywilligers 'n wagtende houding aangeneem om te sien wat die Transvaalse Deputasie insake grensverandering sou uitrig in Londen <sup>1)</sup>.

Onder hierdie omstandighede is dit niet te verwonder dat daar 'n sterk band van simpatie tussen die Vrywilligers van Massouw en Moshette bestaan het nie. Onder dieselfde omstandighede is beide state in die lewe geroep, en hulle sou saam ondergaan. Waar Van Niekerk die leier was in Stellaland, het 'n ander Transvaler, N.C.Gey van Pittius, die voortou geneem in Land Goosen.

By die vrywilligers en hulle leiers het die gedagte langsaamerhand posgevat dat Stellaland en Land Goosen moet verenig. Daar was geen rede waarom soiets nie kon geskied nie. Inteendeel, so'n vereniging sou aansienlik daartoe bydra om die mag van die blankes te versterk met die oog op die naturele gevaar.

Daarby kom nog dat die leiers in beide Republieke aangespoor is van die kant van die Transvaal om te verenig,  
en/...

---

1). Vgl. Du Toit, De Bechuanalandsche Kwestie, p.102.

en wel deur Genl. P.J.Joubert. So rig hy gedurende Augustus 1883 herhaaldelik briewe aan vooraanstaande persone in Land Goosen en Stellaland, waarin hy hulle aanmoedig om te verenig. Op 13 Aug. 1883 spreek hy in 'n brief aan Van Niekerk sy verwondering uit dat hulle nie reeds lankal verenig het nie, terwille van eendrag wat hulle sterk sou maak. Joubert was van mening dat die twee state moes verenig om een sterk onafhanklike staat te vorm ingeval Engeland weier om die Konvensie-<sup>1)</sup> lyn te verander.

2) Dit skyn of die eerste beweging om te verenig gekom het van die kant van die Goseniete, wat aan die begin van Augustus 1883 die here Otto en Pretorius met 'n memorie ten gunste van vereniging afgevaardig het naar Stellaland. Hulle het 'n gunstige ontvangs gehad, daar die Volksraad van Stellaland op 21 Aug. 1883 aan die Bestuur opdrag gegee het om te onderhandel met Land Goosen ten einde 'n vereniging tussen beide state te bewerkstellig. Ook werd besluit om 'n Kommissie van twee lede af te vaardig naar Land Goosen.<sup>2)</sup> Aan die memorialis- te en aan die Bestuur van Goosen werd die volgende dag deur die regering van Stellaland geantwoord dat hulle geneig is om saam te werk vir almal se beswil en 'n Kommissie vir daardie doel sou stuur.<sup>3)</sup> Hierdie Kommissie, bestaande uit die here Muller en De la Rey, het sy instruksies ontvang op 25 Aug. d.o.v. Hulle moes naamlik ondersoek instel insake in Land Goosen en voorlopige stappe neem met die oog op die bloei en welvaart van Goosen. Daarna moes hulle rapporteer aan die Bestuur van Stellaland.<sup>4)</sup> Hulle moes vertrek na Land Goosen op 29 Aug. .

Intussen het die here Otto en Pretorius verslag ge- doen in Goosen van hulle sending naar Stellaland, en die Be- stuur van Goosen het op 24 Augustus aangedring op 'n defini- tiewe/...

1). Joubert-Kolleksie, 1995, pp. 127, 129, 130, 134-136.

2). S. 6.

3). S. 9.

4). Ibid. .

tiewe antwoord van Stellaland op die memorie, wat vroeër gestuur is <sup>1)</sup>. Op 27 Augustus antwoord Van Niekerk en stel die Bestuur van Goosen opnuut in kennis van die aanstaande vertrek van die Kommissie naar Goosen. Hy hoop die Kommissie sal die ondersteuning van die Bestuur van Goosen geniet, "en dat er een weg moeg gevonden worden tot vereeniging en medewerking" <sup>2)</sup>.

Die afgevaardigdes van Stellaland het op Rooigrond, hoofplaas van Goosen, aangekom aan die begin van September 1883 en die Bestuur van Goosen daarvan verwittig dat hulle daar was om te werk vir vereniging <sup>3)</sup>. Dit skyn egter nie of hulle veel uitgevoer het nie, want nog in dieselfde maand moes hulle onverrigtersake terugkeer na Stellaland. Van Niekerk het sy teleurstelling daaroor uitgedruk in twee briewe aan Genl. Joubert dd. 17 Sept. en 24 Sept. 1883. Hy skryf dat sake in Goosen weer sleg staan. Gey van Pittius het sy invloed totaal verloor, sowel by Moshette as by die blankes, en hy bekleed sy stoel op die Bestuur van Goosen op onwettige wyse. Moshette is gewillig om te onderhandel met die regering van Stellaland, maar hy wil met Gey van Pittius niks te doen hê nie. Van Niekerk gee dan sy voorneme te kenne om persoonlik naar Goosen te gaan en desnoods Gey van Pittius daar heeltemaal uit te werk. "Het is beter om een led van de leggaam te verloor als dat de geheele boel moet verwaarloos gaan" <sup>4)</sup>.

Intussen was daar heelwat twis en onenigheid tussen Gey van Pittius en die vrywilligers in Goosen. Die vrywilliger het nog steeds nie hulle toegekende grondregte ontvang nie, en het die Bestuur van Goosen beskuldig dat dit te wyte was aan hulle traagheid. Deur die twiste het daar van vereniging met Stellaland vireers niks gekom nie, terwyl verder ook eers die uitslag/...

---

1). L.G. 5.

2). S. 9; L.G. 4.

3). L.G. 4.

4). Joubert-kolleksie, 320, 321.

uitslag van die Transvaalse Deputasie in Londen te ontmoet gesien is. Dit blyk ook dat Gey van Pittius reeds gekant was teen die versending van die memorie naar Stellaland in die begin van Augustus. Dit is byna seker dat veral hy bevrees was om te verenig met Stellaland, omdat 'n aantal Stellalanders ten gunste was van anneksasie deur die Kaap Kolonie. Hy het n. gestreef daarna om Goosen ingelyf te kry by die Transvaal. Hy het die ondertekening van die memorie teengegaan, en die storie versprei dat die opstellers van die memorie werk vir anneksasie deur die Kaap Kolonie, en "dat die daarop teeken, die help dē partij die al bijna de meerderhijt is in Stellaland voor de Caapse Annexsaasie" Hoe dit ook al sy, die eerste poging om te verenig het misluk <sup>1)</sup>.

Die vrywilligers van Land Goosen het egter gemeen dat die enigste wyse om werklik in besit te geraak van hulle gronde sou wees om sake in hande te gee van die orderlike Bestuur van Stellaland, en het derhalwe voortgegaan met hulle agitatie ten gunste van vereniging.

Deur Stellaland is 'n tweede Kommissie, aangestel op 2 Oktober 1883, gestuur naar Land Goosen. Die heer Muller werd afgevaardig in plaas van Van Niekerk, en op dieselfde dag het hy die volgende geheime instruksies ontvang: Hy moes ondersoek instel omtrent die toestand van sake by die vrywilligers, Bestuur en Moshette, veral ten opsigte van grondregte. Hy moes sake skik tussen die Bestuur en die vrywilligers, en die amptelike stukke probeer in hande kry. Hy moes ook met Moshette probeer ooreenkom om sy sake met die vrywilligers van Goosen oor te laat aan die Bestuur van Stellaland, en uitvind of Moshe <sup>2)</sup> te gewillig is om te verenig met Massouw.

Die/...

1). Joubert-Kolleksie, 341 e.

2). S. 9.

Die Kommissie het naer Goosen vertrek en, na verskeie byeenkomste, is op 11 Oktober 1883 te Manunapan, veral deur toedoen van die Stellalandse afgevaardigdes, ooreengekom dat Stellaland en Land Goosen sou verenig. Moshette het die ooreenkoms reeds die volgende dag bekragtig. Die vernaamste voorwaardes van die ooreenkoms was die volgende: Die twee Republieke sou verenig onder die naam: "De Vereenigde Staten van Stellaland". Die vlag van Stellaland, met byvoeging van nog een ster, word aangeneem as die vlag van die Verenigde State. Daar sal een Bestuur wees vir beide state, en twee lede vir Goosen sou daarop sitting hê. Elke staat is vireers verantwoordelik vir sy eie skulde. Daar sal 'n verenigde Volksraad wees met eweredige verteenwoordiging vir Stellaland en Land Goosen. Vireers sal Goosen vyf lede afvaardig naer die Volksraad. Goosen sal sy eie laere Hof hê, met reg om te appêl eer naer 'n Hof van Appêl te Vryburg. Die Gouernement sal 'n finansiële Kommissie benoem om die boeke en die dokumente van Land Goosen na te gaan, en daarna verslag te doen aan die Volksraad van die Verenigde State. Die Ooreenkoms is voorlopig tot-<sup>1)</sup> dat dit bekragtig is deur die regering van Stellaland .

Die Uitvoerende Raad van Stellaland het die Ooreenkoms van Manunapan vireers nie bekragtig nie, om eers wysiginge aan te bring of nuwe voorstelle te maak, asook om die Opperhoof Moshette en die Voormanne van Goosen tyd te gee om eers sekere opdragte waarmee hulle belas was, uit te voer, b.v. die opmeet-<sup>2)</sup> van plase, benoeming van 'n finansiële Kommissie ens. . Van hierdie besluit is die volgende dag kennis gegee aan Moshette en die Voormanne van Goosen. Ook word 'n versoek aan die Voor-<sup>3)</sup> manne gerig om so gou moontlik naer Vryburg te kom .

Dit/...

1). "De Volksstem", 30 Oktober 1883; K.G.202, H.  
 2). S. 1 (2), Sien Kennisgewing dd. 26 Okt.1883.  
 3). S. 9.

Dit skyn of die heer Gey van Pittius, wat aan die begin tevrede was met die Ooreenkoms van Manunapan, weer begin moeilikheid maak het, want op 31 Oktober 1883 waarsku die Bestuur van Stellaland hom, en stel hom in kennis dat die regering besig was om 'n vriendskaplike vereniging tussen Stellaland en Goosen te bewerkstellig. Enige persoon wat hom skuldig maak aan 'n daad van oproer, sou behandel word volgens wet <sup>1)</sup>. Tot sover is Gey van Pittius heeltemal buite rekening gelaat met die vereniging.

Op dieselfde dag is weer briewe gerig deur die Bestuur van Stellaland aan die Voormanne en Bestuur van Land Goosen. Die Bestuur word uitgenooi om so gou moontlik vier afgevaardigdes naar Stellaland te stuur. Die vrywilligers van Goosen kan alleen medewerking van Stellaland verwag as hulleself gehoorsaamheid betoon <sup>2)</sup>.

Op 19 November 1883 het die tweede deputasie van Goosen op Vryburg aangekom en is verdere onderhandelings aangeknoop <sup>3)</sup>. Dit skyn of die Stellalander regering nie wou verenig voor alle grondkwessies en finansies in Goosen in die haak was nie. Goosen moes eers sy huis in orde bring. Daartoe is dit nodig dat daar eers 'n Volksraad gekies moet word in Goosen. Ook wou die Bestuur van Stellaland nie finale ooreenkomste aangaan sonder die goedkeuring van die Volksraad van Stellaland nie. Die Goseniete word opnuut gevra om hulle plaas op te meet en 'n finansiële Kommissie te benoem om sake in orde te bring en daarna behoorlik verslag te doen aan die Regering van Stellaland. Moshette moes gevra word om sy toestemming te gee dat die Administrateur van Stellaland ook Goosen se grondbriewe kan onderteken en uitreik. As alles gereed is, sal eleksies geopen word in Goosen vir amptenare. Die Bestuur sou ophou om te bestaan nadat hulle behoorlike verslag gedaan het, /..

1). S. 9.

2). Ibid.; L.G.4.

3). S. 7; S. 9; L.G.4.

het, en sou ontslaan word deur die Volksraad van Stellaland <sup>1)</sup>.

Die afgevaardigdes van Goosen is terug en het op 7 Des. 1883 rapport ingelewer. As 'n gevolg daarvan is dadelik 'n Finansiële Kommissie benoem en bepaal dat 'n algemene byeenkoms van die publiek gehou sou word op 10 Januarie 1884 ten einde 'n Kommissie-Volksraad te kies <sup>2)</sup>. Moshette het intussen ook op 24 November 1883 die Administrateur van Stellaland gemaagtig om grondbriewe of Aktes van Transport vir Land Goosen uit te reik <sup>3)</sup>.

Die Bestuur van Goosen het die Stellalandse regering op 21 Des. 1883 in kennis gestel van die vergadering wat op 10 Januarie 1884 gehou sou word, en die Administrateur versoek om dit by te woon <sup>4)</sup>, waarop die Uitvoerende Raad van Stellaland dan ook die heer Van Niekerk afgevaardig het naar Goosen <sup>5)</sup>.

Toe die Goseniete op 10 Januarie 1884 byeenkom te Vrywilligersrust, was Gey van Pittius, wat sedert enige tyd nie meer lid van die Bestuur van Goosen was nie, ook aanwesig. Dit was 'n teken van moeilikheid. Toe die vrywilligers met die werksaamhede wou begin, was daar eers 'n godsdiensoefening, belê deur Gey van Pittius. Daarna was daar 'n vendusie, waarna 'n vergadering gehou is wat egter in wanorde geëindig het: nadat 'n paar Kommissielede gekies is. Volgens getuienis van 'n sekere heer Minnaar van Land Goosen, is die vergadering die volgende dag voortgeset, en met behulp van enige beskonke persone is Gey van Pittius met geweld Voorsitter gemaak. Die doel van die byeenkoms, n.l. finale reëling van die vereniging, werd dus verydel, terwyl 'n aantal persone tevergeefs by Gey van Pittius daarteen protes aangeteken het. Gey van Pittius, aldus herstel in sy betrekking, het, met 'n deel van die Bestuur wat/...

1). S. 1(4), Originele Notule van die gesamelike sitting van die twee Besture op 19 en 20 Nov. 1883.

2). L.G.1(H & O); Joubert-Kolleksie, 341 e.

3). L.G.1; S.9, brief dd. 3 Des. 1883.

4). S. 8.

5). Notule Uitv.Raad dd. 9 Jan. 1884 in S. 1, (2).

wat hom goedgesind was, buitendien die steun gehad van alle persone wat nie op grond geregtig was nie, maar die hoop gekoester het dat hulle grond sou kry. Van Niekerk het die volgende dag aangekom en verder onderhandel met die Bestuur van Goosen, wat nou hulle opvatting insake vereniging heelwat gewysig het <sup>1)</sup>. Toe Van Niekerk aanbied om Goosen te help, het Gey van Pittius gemeen dat dit genoeg sou wees as hulle voorlopig slegs 'n defensiewe verbond sluit en elke staat sy reg behou insake uitreiking van grondbriewe. Tog werd op daardie dag die Ooreenkoms van Manunapan, asook die magtiging van Van Niekerk deur Moshette om grondbriewe in Goosen uit te reik, goedgekeur <sup>2)</sup>.

Aan hierdie besluit is egter nooit uitvoering gegee nie, vermoedelik deur die invloed van Gey van Pittius. Sy kennelike doel was om slegs die voordele van 'n defensiewe verbond tussen Stellaland en Goosen te geniet, daar hy goed geweet het dat daar vir Goosen geen nadeel daarin gesteeek het nie. Nog op 13 Februarie 1884 het hy voor die Bestuur van Goosen verklaar dat die twee Republieke nie verenig is nie, maar slegs op 'n onderlinge defensiewe voet bymekaar staan, wat natuurlik nie juis was nie <sup>3)</sup>. Die hegte beweging het hy gevolg dan ook langsamerhand doodgeloop, nieteenstaande verdere pogings van Van Niekerk nie.

Van vereniging het dus niks gekom nie, iets wat direk te wyte was aan die optrede van Gey van Pittius <sup>4)</sup>. Selfs nie eers die defensiewe verbond het 'n werklikheid geword nie, want toe die vrywilligers in Goosen later in botsing met Montsioa gekom het, het Van Niekerk sy burgers belet om deel te neem in die stryd <sup>5)</sup>.

Toe/...

1). Joubert-Kolleksie, 341 e.

2). L.G. 1, Notule 14 Januarie 1884.

3). Ibid., Notule 13 Febr. 1884.

4). Vgl. in hierdie verband Hofmeyr: Het Leven van J.H. Hofmeyr, p. 278.

5). S.10, A.110/84.



Toe later onder leiding van Gey van Pittius sake in Goosen nog treuriger daar begin uitsien het vir die vrywilligers, is herhaaldelik wanhopige pogings aangewend om opnuut samewerking met Stellaland te verkry, dog tevergeefs. Die tyd daartoe was verby <sup>1)</sup>.

Die twee Republieke sou in die toekoms elk sy eie weg bewandel. Stellaland, onder die bekwame leiding van Van Niekerk, het 'n aparte ooreenkoms bereik met die Britse regering. Goosen daarenteen het, deur sy hardnekkige houding, hom die ergernis op die hals gehaal van selfs sy eie simpatiseerders, en aanleiding gegee tot die Warren-ekspedisie, wat byna 'n ramp was vir Suid-Afrika.

---

1). L.G. 1, Notule 7 Mei en 12 September 1884.